# POLICY 012/2016 RAADSBELEID

# MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **BELEID INSAKE SPORTGRONDE EN SWEMBADDENS SE GEBRUIK DEUR DIE MUNISIPALE RAAD OF AMPTENARE**

REFERENCE/VERWYSING: **17.6.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **27/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Die gebruiksaanwending van sportgronde en swembaddens deur die Munispale Raad en programme deur amptenare vir sosiale gebruik.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om gesonde werksverhoudinge te bevorder.

RIGLYNE

1. Alle Raadsfunksies aangebied op sport- en swembadgronde asook by die Oorde, word van tariewe kwytgeskeld.

2. Sosiale sport en ander byeenkomste tussen munisipale amptenare word onder die volgende voorwaardes van tariewe kwytgeskeld.

2.1 Die nodige voorafbesprekings word steeds volgens bestaande beleid gedoen.

2.2 'n Interdepartementele aanvraag (IDA) vergesel 'n bespreking waarvan werklike onkostes verhaal word soos kragverbruik en skade herstelwerk (indien nodig).

3. Ander funksies soos jaareindfunksies en spesiale geleenthede by die dorpswembad se onthaalarea, Rosepark en Die Eiland Vakansieoord, moet ook vooraf bespreek word. 'n Interdepartementele aanvraag (IDA) vergesel 'n bespreking waarvan skades (indien nodig) verhaal word wat mag ontstaan tydens die verhuringsperiode.

4. Die betrokke Direkteur of Afdelingshoof wat die nodige vooraf besprekings doen, voorsien die Interdepartementele aanvraag.

5. Opsetlike skade sal van oortreeders verhaal word.

PROSEDURE

1. Besprekings word **8 (agt dae)** voor die tyd, tesame met 'n Interdepartementele Aanvraag, by die betrokke afdeling (uitgesluit Raadsfunksies) gedoen.

2. Voor- en na-inspeksies word deur die betrokke partye gedoen om skades, al dan nie, te bepaal en van die IDA verhaal, tesame met enige kragverbruik van spreiligte wat by die Sportstadions kon ontstaan.

3. Spesifieke aansoeke wat afwyk van punte 2 en 3, word vir die nodige goedkeuring, aan die Raad voorgelê.

4. Aansoeke vir gebruik van swembaddens en sportgronde deur personeel, moet deur die betrokke Direkteur goedgekeur word.

ROLLE

1. Parke Afdeling.
2. Afdeling LED, Toerisme & Oorde

VERWANTE BELEID

1. Benutting van munisipale sportgronde.
2. Benutting van munisipale swembaddens.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word